University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

# DIE FENOMEEN OPELUGMUSEUM IN KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF

deur

PAUL JACOBUS DE BEER

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N GEDEELTE
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD:

DOCTOR PHILOSOPHIAE

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

APRIL 1979

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

PROMOTOR:

Professor Dr P G Nel
Hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



# VOORWOORD

Die primêre aanleiding tot hierdie proefskrif is 'n besorgdheid oor "die toekoms van ons verlede". Dit op sigself is nie uniek nie. Dwarsdeur die Westerse kultuur heers daar in ons eie tyd, in teenstelling met die optimistiese vooruit=gangsgeloof van die agtiende en grootste deel van die negentiende eeu, 'n pessimisme of Untergangstimmung. Dit is waarskynlik hoofsaaklik toe te skryf aan die geweldige materiële en geestelike skade wat deur twee Wêreldoorloë berokken is. 'n Direkte uitvloeisel van hierdie Untergangstimmung is 'n her=waardering van die kulturele erfenis wat in gevaar staan om vernietig te word. Dit verbaas dan nie dat die Westerse kultuur tans gekenmerk word deur 'n koorsagtige bedrywigheid in en om die museum nie. Die museum het veral in die twintigste eeu gegroei tot 'n kulturele instelling waarin die publiek hom kon identifiseer met sy erfenis en die verlede-werklikheid wat daarin verbeeld word.

'n Meer direkte aanleiding vir hierdie studie is egter ook aanwysbaar. Op 28 April 1975 verskyn daar in die Pretoriase dagblad, Hoofstad, 'n insiggewende brief. Die opskrif was: Wat het van opelugmuseum geword? Die skrywer vra onder meer: "Wat ek en duisende ander Pretorianers nou wil weet, is wat het van hierdie museum geword? Waarom sloer dit so, wie is vir die sloerdery verantwoordelik en as die Staat dan nie die geld het om te bou nie, waar is die baie kultuurbewuste mense wat kan bydra?"

So ver ek kon vasstel is hierdie briefskrywer nooit deur enige amptenaar of instansie geantwoord nie.

Die brief het my egter aangespreek en aangespoor om sommige antwoorde te vind. Groot was my verbasing toe my aanvanklike ondersoek aan die lig bring dat die "sloerdery" waarna verwys is, reeds 'n tydperk van 22 jaar beslaan het. Vir my was dit 'n uitgemaakte saak - hierdie geskiedenis en die fenomeen opelugmuseum verdien noukeurige navorsing! In my promotor, prof P G Nel, het ek 'n entoesiastiese ondersteuner van dié gedagte gevind.

Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie studie veel wyer sou uitkring as die gebeure in Pretoria. Dit is veral onderstreep tydens 'n gesprek wat ek met die Nederlandse historikus, mnr Ton Koot, gehad het wat in 1975 in Suid-

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Afrika was. Sy raad was dat die fenomeen opelugmuseum eers in die konteks van die algemene Europese ontstaansgeskiedenis van die museum geplaas moet word voordat die geestestrominge betrag word waaruit die opelugmuseum gebore is. Verder sou kennis geneem moet word van die ontwikkelingsgeskiedenis van die fenomeen.

Uit die aard van die omvang van die opelugmuseum-gedagte dwarsdeur die wêreld, moes 'n sinvolle keuse gedoen word van musea wat as moontlike voorbeelde kan dien vir die oprigting van 'n nasionale opelugmuseum in Pretoria. Verder sou so 'n keuse van musea ook 'n duidelike ontwikkelings=gang moes aandui. Argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria en die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het spoedig 'n noue verbintenis getoon met twee Europese opelugmusea, die Nederlands Openluchtmuseum in Arnhem en die Vlaamse Openluchtmuseum in Bokrijk. Albei dus, soos trouens verwag kon word, uit die Dietse kultuurgebied. 'n Derde opelugmuseum wat by hierdie twee gevoeg is, is die Buitenmuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen. Dit lyk na 'n sinvolle eenheid. Veral as in ag geneem word dat Arnhem 'n prototipe is van die eerste opelugmusea wat opgerig is, naamlik die "parktipe" wat ook die eerste opelugmuseum op die Europese Vasteland was. Bokrijk word ongeveer 40 jaar later opgerig en verteenwoordig dus musea wat kon put uit die ervaring van minstens 80 jaar. Daarenteen is die Opelugmuseum te Enkhuizen tans nog in aanbou en kan dus as 'n "moderne" opelugmuseum gereken word. 'n Nasionale opelugmuseum wat in Suid-Afrika moet verrys, sal ongetwyfeld baie baat by 'n noukeurige studie van hierdie drie musea soos wat hulle oor 'n tydperk van ongeveer 70 jaar gegroei en ontwikkel het.

Uiteraard het die navorsing vir hierdie studie 'n baie breë terrein gedek wat in drie fases verdeel kan word:

1 Argivale studie in Suid-Afrika

Die navorsing het begin in die Staatsargiefbewaarplek, Pretoria. Die Genootskap Oud-Pretoria wat reeds vroeg in die vyftigerjare begin het met die gedagte om 'n opelugmuseum op te rig, se dokumente is in die Staatsargief opgeneem. Die Genootskap moet geloof word vir hierdie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


optrede. Die stukke is netjies versorg en vir enige navorser toeganklik. Die dokumente is voortreflik georden en sistematies van verwysingnommers voorsien. Verder berg die amptelike publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Onderwysdepartement, Joubert-versameling en die Leyds-argief waardevolle inligting oor die museumgeskiedenis in Transvaal.

Daarna kon die Kaapse Staatsargiefbewaarplek in Kaapstad en die "argiewe" van verskillende musea in Suid-Afrika besoek word. Die navorsing in museumargiewe het besondere probleme opgelewer. Die meeste musea se dokumente is nie georden nie. Alle dokumente word met verloop van tyd op werksleêrs geplaas en wanneer die lêers vol is, word 'n nuwe geopen. Slegs hierdie lêers ontvang dan 'n verwysingnommer of 'n naam sonder dat afsonderlike dokumente georden word. 'n Beroep kan op museumowerhede gedoen word om die voorbeeld van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens te volg wat onder leiding van opgeleide personeel dokumente orden sodra dit nie meer gebruik word nie. In één geval het ek uiters waardevolle historiese dokumente in 'n kluis gevind. Hierdie dokumente is eenvoudig opmekaar gestapel en elkeen wat iets soek, pak uit en in omdat daar hoegenaamd geen katalogus of verwysings is nie. Hierdie dokumente hoort eerder in 'n Staatsargief tuis waar dit dringend versorg moet word.

2 Argivale studie in Nederland en België

Naas besoeke aan 'n menigte opelugmusea in Europa het ek my veral op drie musea gerig. Die argiewe en biblioteke van die Nederlands Openlucht=museum in Arnhem, die Vlaamse Openluchtmuseum in Bokrijk en die Zuider=zeemuseum in Enkhuizen het voortreflike geleenthede gebied vir oriëntering en navorsing. Die ervaring om met die direkteure en vakkundiges in verskillende afdelings van die musea te kon werk, was egter 'n onvergeetlike ervaring. Suid-Afrikaanse vakkundiges sal in die toekoms minder "studie=reise" moet onderneem en meer werksgeleenthede in musea moet benut om die nodige ondervinding op te doen. Dié drie musea uit die Dietse taal- en kultuurgroep kan vir Suid-Afrika van onskatbare waarde wees.

3 Studie van die algemene kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika

In 'n poging om 'n uitgangspunt te formuleer vir die oprigting van 'n opelugmuseum vir Suid-Afrika is 'n fyn aanvoeling vir en kennis van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


kultuurgeskiedenis van die Afrikaner en ander volke in Suid-Afrika nodig. Natuurlik is intensiewe navorsing deur verskillende persone van 'n groot aantal dissiplines onontbeerlik om 'n volledige opname in die verband te maak. Naas bestudering van argivale bronne, reis= beskrywings, sketse en tekeninge van Africana-kunstenaars en besoeke aan verskillende streke van ons land, was dit noodsaaklik om versame= lings van ons kultuurhistoriese musea te besigtig om 'n voorstelling van die daaglikse lewe van weleer te vorm. Die grootste probleem en uitdaging bly steeds dat hierdie voorstelling wat gevorm word, weten= skaplik verantwoord moet word. Vir willekeur, 'n romantiese beskouing van die verlede of watter ander onverantwoordelike uitgangspunt ook al is hier geen ruimte nie.

Hierdie taak kan egter eers na behore aangepak word wanneer die fenomeen opelugmuseum in kultuurhistoriese perspektief gesien word. Dit was 'n uitdaging om die aanvoorwerk daartoe te begin sodat die lank gekoesterde ideaal nie onnodig lank onverwesenlik sal bly nie.

By die voltooiing van hierdie navorsing is dit 'n behoefte om my opregte dank en erkentlikheid uit te spreek teenoor al diegene wat my gedurende my studie met raad en daad bygestaan het. Benewens talle persone wie se name hier nie genoem word nie word welgemeende dank en waardering gerig aan:

Prof P G Nel, my promotor, onder wie se leiding die proefskrif tot stand gekom het. Sy waardevolle hulp, indringende samesprekinge en prinsipiële beskouing ten opsigte van die Kultuurgeskiedenis was te alle tye onmisbaar.

Die direkteure en personeel van opelugmusea in die buiteland. Dr J H Jager Gerlings, Direkteur van Het Nederlands Openluchtmuseum in Arnhem, drs U E E Vroom, Direkteur van Het Zuiderzeemuseum in Enkhuizen en mnr M Laenen, Adjunk-Konservator van Het Vlaams Openluchtmuseum in Bokrijk het my met onbeskryfbare gasvryheid by hulle inrigtings ontvang. Verder het hulle my in die geleentheid gestel om saam met hulle vakkundiges te werk en navorsing te doen. Ek sal hulle altyd dank verskuldig bly.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Direkteure en personeel van verskillende musea in Suid-Afrika. Dieselfde hartlikheid wat ek in die buiteland ondervind het, het my ook in Suid-Afrika in musea te beurt geval. Besondere dank kom toe aan:

Mev Kotie Roodt-Coetzee, Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Dr C K Brain, Direkteur van die Transvaal-Museum, Pretoria.

Dr T H Barry, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad.

Dr R Liversidge, Direkteur van die McGregor-Museum, Kimberley.

Mnr J J Oberholzer, Direkteur van die Nasionale-Museum, Bloemfontein.

Mnr S C J van Niekerk, Direkteur van die Transvaalse Provinsiale Museum=diens, Pretoria.

Mnr D Schaefer, vakkundige van die Kimberley-Mynmuseum.

Die personeel van die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut aan die Universiteit van Pretoria, en my kollega, dr J C Pretorius.

Mnr J S du P Potgieter, mnr P A M van der Merwe en mev M du Plessis vir hulle hulp met die taalkundige versorging van die proefskrif.

Mev M Murray wat op 'n bekwame en keurige wyse die tikwerk behartig het.

Ten slotte my opregte dank aan my ouers en familie, in die besonder my eggenote en kinders. Hulle moes baie opoffer. Hulle weet wat dit beteken om te gee eerder as om te ontvang.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



## ILLUSTRASIES

BLADSY

Stavekirke in Maihaugen, Lillehamer. (Foto in besit van die Nederlands Openluchtmuseum) 20

Die Pioniersopelugmuseum in Silverton. (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum) 93

Die kombuis in die replika van die De Beer-pioniershuisie en die binneplein. (Kimberley-Mynmuseum) 98

Die Tsonga-kraal. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 100

'n Aandkuiertjie op Duiveland omstreeks 1910. (Nederlands Openlucht= museum) 124

Die "los hoes" uit Vasse met die agterkant na die straat gekeer en interieur. (Nederlands Openluchtmuseum) 128

Die "Dorpsschooltje" uit Lhee. (Nederlands Openluchtmuseum) 132

Die Plaggenhut uit Onstwedde. (Nederlands Openluchtmuseum) 132

Die "Zaanse buurt". (Nederlands Openluchtmuseum) 139

Die Kempense dorpie. (Vlaams Openluchtmuseum) 146

'n Gesellige hoekie langs die "leuvense stoof" in die landelike drankhuis, Wetshuis "In Dolphin, Estaminet". (Vlaamse Openlucht= museum) 150

'n Pionierskerk en -skoolgebou, Lydenburg. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 194

Die oorplasing van vissershuisies na die museumterrein in Enkhuizen. (Zuiderzeemuseum) 198

Dokumentasie voor demontering van 'n gebou. (Nederlands Openlucht= museum) 200

Gebruiksvoorwerpe in die kombuisuitstalling van die Klerksdorpse Museum. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 202

'n Tekening van Piketberg (1857) deur J C Poortermans. (A Gordon-Brown: Pictorial Africana. Kaapstad 1975, bl 92) 205

Die plaasskool, Schietfontein, distrik Pretoria 1898. (Onderwysmuseum) 205

Die Suid-Afrikaanse volkspelers in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem in 1953. (Nederlands Openluchtmuseum) 210

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


# INHOUD

| | BLADSY |
|---|---|
| VOORWOORD | i - v |
| ILLUSTRASIES | vi |
| HOOFSTUK | |
| I DIE ONTSTAAN EN VERSPREIDING VAN OPELUGMUSEA TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE MUSEUM | 1 - 37 |
| A Versameling deur die eeue | 1 |
| i Inleiding | 1 |
| ii Die Klassieke Era | 3 |
| iii Die Middeleeue | 4 |
| iv Die Renaissance | 5 |
| v Die Moderne Tyd | 8 |
| B Opelugmusea: die ontstaan | 12 |
| i Faktore wat 'n aanleidende rol gespeel het | 12 |
| a Die belangstelling in die volkskultuur | 12 |
| b Die Romantiek | 13 |
| c Die ontstaan van die Volkskunde as wetenskap | 14 |
| d Die Industriële Rewolusie | 16 |
| ii Artur Hazelius (1833 - 1901) in Swede | 16 |
| iii Bernard Olsen in Denemarke | 19 |
| iv Anders Sandvig (1862 - 1950) in Noorweë | 21 |
| v Ander lofwaardige pogings | 22 |
| vi Die sukses van opelugmusea in die Skandinawiese lande | 24 |
| C Verspreiding van opelugmusea na ander lande | 25 |
| i Nederland | 25 |
| ii Die ganse wêreld | 26 |
| VERWYSINGS | 29 |

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


HOOFSTUK

II 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE AARD VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE MUSEUMWESE IN SUID-AFRIKA 38 - 77

i 'n Ongeëwenaarde belangstelling van wetenskaplikes, reisigers en amptenare in die natuur en inheemse bevolking van Suid-Afrika 39

ii Die stigting van die formele museumwese in die Kaapkolonie 43

iii Die rigting waarin die eerste musea ontwikkel 44

iv Die stigting van musea in die Republikeinse Noorde 45

v 1902 - 'n nuwe begin 52

vi Die tydperk van bewuswording 55

vii Gevolgtrekking 59

VERWYSINGS 66

III DIE OPELUGMUSEUM-GEDAGTE IN SUID-AFRIKA 78 - 120

i Die ontstaan 78

ii Die poging van die Genootskap Oud-Pretoria 79

iii Die Transvaal-Museum soek toenadering en samewerking 84

iv Die onderhandelinge van die Genootskap Oud-Pretoria loop ten einde 86

v Die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum se bydrae 88

vi Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tree tot die stryd toe 89

a Die Pioniersopelugmuseum, Silverton 92

b Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum, Rayton 95

vii Ander bewaringsprojekte 97

viii Die Kimberley-Mynmuseum 97

ix Die Tsonga-kraal, Hans Merensky-natuurreservaat 101

x Die Breederiviervallei-plaasmuseum, Worcester 101

xi Die restourasieprojek te Pelgrimsrus, Oos-Transvaal 102

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


HOOFSTUK


xii Terugblik 103

VERWYSINGS 109

IV 'N SPIEËLBEELD VAN 'N KULTUURGESKIEDENIS 121 - 171

i Die evolusie van die opelugmuseum-fenomeen 121

ii "Het Nederlands Openluchtmuseum" te Arnhem 123

iii Bokrijk, die Vlaamse Opelugmuseum 144

iv Die Buitemuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen 154

VERWYSINGS 162

V DIE TAAKOMSKRYWING VAN OPELUGMUSEA 172 - 228

i Die formulering van 'n internasionale taakomskrywing 172

ii Die bepaling van uitgangspunte by die oprigting van 'n opelugmuseum 174

iii Die uitgangspunte wat reeds in Suid-Afrika beslag gekry het 177

iv Die wenslikheid van 'n "nasionale" opelugmuseum vir Suid-Afrika 178

v Die taak van 'n museum binne 'n gemeenskap 186

vi Die versamelings- en bewaringsfunksie van 'n opelugmusem 187

vii Die navorsingsfunksie van 'n opelugmuseum 196

viii Die opvoedkundige funksie van 'n opelugmuseum 208

VERWYSINGS 219

VI BESLUIT 229

SAMEVATTING 241

SUMMARY 243

BRONNE 245